**MAANDAG 5 JANUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: LEVITIKUS 10:1-11**
**FOKUSGEDEELTE: LEVITIKUS 10:1-3, 8-11**

## Abihu – God is heilig en verhewe

Miskien is jy ook nou sprakeloos en stil nadat jy die teks gelees het. Dit was Aäron se reaksie ná die dood van sy seuns, Nadab en Abihu. Natuurlik ʼn reaksie wat mens verwag. In ons teks kry ons egter die harde werklikheid en die woorde van Numeri 15:30 (lees) wat waar word dat die sondaar letterlik van sy volk afgesny kan word. Die ateïs sal sê dat ons hier tog duidelik met ʼn wrede God te doen het, ʼn God wat nie liefde openbaar nie.

Verstaan ons wat hier gebeur het? Dit was nie bloot maar net onverskilligheid van die twee oudste seuns nie. Dit was nie maar net ʼn foutjie nie. Vergelyk dit met ʼn dominee wat tydens die viering van die Heilige Nagmaal ewe skielik Satanistiese of okkultiese objekte en gebruike deel van die viering maak. Dit sal tog geheel en al die heiligheid van God misken. Verstaan ons wat dit beteken dat God heilig en verhewe in sy majesteit is?

Wanneer die Here in die Ou Testament simbolies aarde toe kom, dan woon Hy in die Allerheiligste van die tempel. In Jesaja 6 hoor ons hoe die engele uitroep dat die Here drie maal heilig is en dat die aarde vol is van sy magtige teenwoordigheid. Wie hierop fokus, sal klein word.

In ons teks sien ons die gevolge van iemand vir wie die heiligheid van die Here nie belangrik was nie. Die Here haat sonde en ongehoorsaamheid en sal dit met die dood straf. In Christus het die Vader egter juis dit kom doen. Hy het sy Seun as volmaakte offer vir ons kom gee en ons so heilig gemaak. Ons is ʼn "nasie vir God afgesonder" (1 Pet. 2:9).

Ons teks fokus op die groot verantwoordelikhede wat daar is vir dié wat aan Hom behoort. Besef ons wat dit beteken om "onberispelike kinders van God te midde van ʼn korrupte wêreld" (Filip. 2:15) te wees?

*Sing: Psalm 4:3 (1936)*

*Ds. W (Werner) van den Heever (Vryheid)*